## BOEKBESPREKING

DR. DION KEMPFF, *Die Skeppingsleer van Karl Barth*. Amsterdam, J.H. de Bussy, 1949.

Hierdie werk van die hand van 'n Suid-Afrikaanse gereformeerde teoloog het gedien as 'n akademiese proefskrif om die graad van dokter in die teologie te verkry aan die Gereformeerde Universiteit te Amsterdam.

Dit is op sigself 'n prysenswaardige onderneming om die een of ander aspek van die teologie van die welbekende Switserse teoloog Karl Barth, wat soveel geeste in ons tyd in beroering gebring het, nader te bring, sy dit dan bywyse van 'n kritiese weergawe aan ons teologies-denkende lesers in Suid-Afrika. By sulk 'n onderneming is dit altyd van groot betekenis om so 'n outeur reg te laat geskied en om hom só aan sy lesers voor te stel as wat hy graag voorgestel wil wees. Tewens bewys dit aan die christelike teologie en die beoefening daarvan geen diens nie, as ons hierdie doel nie altyd voor oë hou nie.

Ons het groot waardering vir die werk van Dr. Kempff, maar of hy aan die gevaar om onreg aan 'n outeur — en hier 'n outeur van die formaat van Karl Barth — te doen ontkom het, is ons nie so seker van nie. Om hiervan seker te wees sal eers vereis 'n baie grondige studie van die „Dogmatik" van Barth deel III(i). Wat ons tog verbly is dat die bekende gereformeerde stelling en oordeelsnorm: ons gereformeerde standpunt is só, ontbreek. By die besinning oor die heilsfeite in die Skrif en die leerstellings van die kerk, het ons kerklike standpunte maar baie sekundêre waarde. Die groot vraag moet altyd wees: Wat sê die Skrif?

Wat ons egter as 'n geweldige tekort in die dissertasie van Dr. Kempff beskou, is dat in sy uiteensetting dit nie so seer die gedagtes van Barth is, wat uiteengesit word nie, maar meer die teologiese beskouings van die gereformeerde teoloog Dr. Kempff self. Die beskouings van Barth kom meer voor bywyse van aanhaling en verwysing. In so 'n werk is dit van die grootste belang dat nie alleen die kritikus nie, maar ook die lesers volkome op die hoogte moet wees met die gedagtegang van 'n outeur op wie kritiek uitgeoefen word, d.w.s. wanneer ons met ons kritiek die teologiese wetenskap wil dien.

Dat Barth al dinge gesê het waarteenoor 'n goeie gereformeerde teoloog skepties moet staan, moet ons toegee, maar dat hy een van die diepste denkers van ons tyd oor christelik-teologiese probleme is en dit altyd aan die hand van Gods Woord, moet ons ook bereid wees om aan te neem en om die bestudering van so 'n teoloog te begin met 'n vooraf-ingenome standpunt, is nie dienstelik aan die teologie of die kerk nie.

In die algemene kritiek op Barth het Dr. Kempff o.a. een ding gesê wat o.i. nie baie billik is nie. Hy sê nl. dat *Barth se denke gedurig ontwikkel het*. Dit is 'n stelling wat al vaak van gereformeerde kant gemaak is en

wat die indruk moet skep dat Barth geen koers in sy teologiese uiteensettings kon hou nie. Die teenoorgestelde is waar nl. dat hy 'n uiters konsekwente denker is, want hy het 'n koers en 'n norm waar hy hom altyd aan hou nl. Gods Woord. Barth wil veral Skrifteoloog wees. Hy besin hom gedurig op wat hy en die kerk glo op grond van Gods Woord en dis alleen hierdie menslike besinning wat van gedaante verander. Hy het nooit verklaar dat hy nie meer kan sê wat hy vroër gesê het nie, maar alleen dat hy dit nie meer só kan sê nie.

Die verwyt dat Barth 'n eensame figuur is, gaan ook nie op nie. Barth is 'n profetiese figuur en 'n profeet behoort nie tot 'n skool nie en verteenwoordig ook nie 'n sekere stelsel of standpunt nie, maar hy moet Gods Woord spreek soos wat dit hom deur die Gees gegee is aan die hand Gods Woord. 'n Teoloog is immers ook 'n profeet en 'n prediker. Die manier waarop hy dit stel is menslike woorde en die mag verander namate die omstandighede verander, netsoos wat die uitspraak van kerk oor die waarheid(dogma) kan verander namate die omstandighede en die gees van die tyd verander, maar die waarheid self nl. Gods Woord verander nooit. Ons glo dat 'n teoloog, wat die teologie en die christelike kerk wil dien, in hierdie lig sy taak moet sien. Dat dit so dikwels nie die geval is nie en dat mens so graag groepe wil verteenwoordig en standpunte wil verdedig, is nie in ooreenstemming met die profetiese karakter van die teoloog nie en nie in diens van die kerk nie. Die gevare is in hierdie verband nie maar net denkbeeldig nie dat mens sig gaan oriënteer aan sekere standpunte van sekere groepe of skole inplaas van aan Gods Woord as die enigste lamp vir ons voet en die enigste lig op ons pad.

Die werk van Dr. Kempff wil ons aanbeveel by alle lesers van teologiese boeke. Dit kan met vrug bestudeer word. Soos Dr. Kempff beklemtoon, gaan dit hier oor een van die belangrikste leerstellings van die christelike geloof nl. die skepping van alles uit niks. Ons kan op al die probleme in verband met die skeppingsleer hier nie ingaan nie maar alleen op 'n paar punte wys.

So stem Dr. Kempff dit Barth toe dat die skepping alleen vanuit die herskepping verstaan moet word en die betekenis van Christus, as die Beeld van die onsienlike God, die Prototokos van al die skepsels en die Ewige Logos wat vlees geword het, in verband met die skepping word wel genoem, maar nie genoeg beklemtoon nie. Genesis wil o.i. in die eerste plek ook nie 'n relaas van die skepping gee nie, maar die verhouding aantoon wat van die begin af tussen God en mens bestaan het. Wat Barth uit die „skepping uit niks" aflei is die diskontinuiteit tussen Skepper en skepsel. Daar is geen kontinuiteit in ontologiese sin nie, maar alleen 'n sedelike kontinuiteit of relasie, wat tot stand gebring word deur Gods sprekende Woord. Hierdie gedagte is karakteristiek van die hele teologie van Barth en daarsonder is hy nie te verstaan nie. Ons stem Dr. Kempff dit toe dat Barth Bavinck se woorde: „De leer der schepping wordt alleen uit die openbaring gekend; ze wordt verstaan door het geloof, Hebr. 11:3",

volmondig sal onderskryf, maar as hy die teenstelling tussen Bavinck en Barth as volg formuleer: „kennis van die skepping deur die openbaring waarvan Jesus Christus die middelpunt is" en „kennis van die skepping alleen deur die openbaring, wat Jesus Christus is of bring", dan sou Bavinck geen reg laat geskied nie aan die persoon van Jesus Christus. Die inhoud van die hele Skrif is Jesus Christus en as daar 'n deel van die Skrif sou wees waarvan Hy nie die inhoud is nie, sal ons dit nie Gods Woord kan noem nie.

Interessant is in hierdie verband ook die uiteensetting van Dr. Kempff van die betekenis van die skepping van die mens in of na die Beeld van God. Volgens Joh. 1:1vv. en Kol. 1:15vv is dit baie duidelik dat die Ewige Logos wat ook die Beeld van God is, 'n groot plek ingeneem het by die skepping sowel as die herskepping en dat ons — soos Calvyn ook beklemtoon — die skepping in die Beeld van God alleen van uit die herskepping in die Beeld moet verstaan. Nou kan ons dit nie anders sien nie dat as die herskepping van die mens alleen moontlik is in en deur Christus, wat die Beeld van die onsienlike God is, dan is dit ook waar van die skepping en dan is daar geen probleem oor wie of wat die Beeld en Gelykenis in Gen. 1:27 sou wees nie, maar alleen 'n probleem oor wat die betekenis moet wees van „geskape in die Beeld van God". Dat Dr. Kempff (pag. 88) 'n wesensrelasie tussen Christus en die gelowige wil sien en altwee daarom as Beeld van God wil sien, vind ons baie bedenklik. Of hier sprake is van die preëksistente Christus en of dit die posteksistente Christus is, dit bly nog altyd Christus die Here in sy goddelike Majesteit, die twede persoon van die Drieënheid. As die gelowige herskep is in die Beeld van God, word hy tog nergens as goddelik voorgestel nie, maar op sy hoogste word hy 'n dienskneg van die Allerhoogste genoem en ook nooit plaasvervanger van God nie. Netso is aan die mens deur die skepping in die Beeld van God nooit 'n goddelike staat toegeken nie, hy is nooit as plaasvervanger bestem nie, maar deur die Beeld in relasie gestel met sy Skepper in Wie se diens hy staan en van Wie Hy 'n roeping en 'n taak ontvang het. Die hoogste taak is seker dat hy Gods Woord mag ontvang en uitdra en bekend stel aan die wêreld. Om die Beeld van God self te wees en sy Gelykenis d.w.s. die Woord van God, sou direk in stryd wees met die eerste sowel as die twede gebod.

Dr. Kempff wys o.a. ook op die onwenslikheid om in verband met die kennis van die skepping deur God te spreek van die „fantasie" van die gelowige mens en van „skeppingssage" inplaas van „skeppingswaarheid". Barth is besig om die menslike faktor hier oor te belas. Dié indruk het ons ook, hoewel dit totaal in stryd sou wees met Barth se loëning van enige menslike aandeel in die openbaring. Ook op hierdie punt sou 'n 'n objektiewe uiteensetting van Barth se skeppingsleer baie nuttig gewees het. Maar selfs al sou Barth 'n eie betekenis lê in die woorde „sage" en „fantasie", dan nog sou die gebruik daarvan in hierdie verband onwenslik wees.

H. P. WOLMARANS.